

HOOFSTUK VII.DIE ONTSTAAN VAN APARTE ONDERWYSSTELSELS,  
VIR DIE VERSKILLENDE RASSE.  
(NATAL 1894-1911.)1. Langsame groei van die inskrywing in Indiërskole.

Die aantal skole en leerlinge het in hierdie periode nie besonder vinnig toegeneem nie. As in aanmerking geneem word dat die geskatte aantal leerlinge van skoolgaande ouderdom in 1895 ongeveer 4500 was, dan was byna 50% van die kinders nog nie op skool nie. (1)

Die volgende tabel toon die groei van die aantal skole en leerlinge vir die jare genoem.

TABEL 60.

Skole en leerlinge, 1894-1911. (Natal.)

	Staatskole.		Ondersteunde skole		Totaal.	
	Skole	Leerlinge	Skole	Leerlinge	Skole	Leerlinge
1894	2	288	24	2164	26	2452 (2)
1899	2	451	33	3110	35	3561 (3)
1904	5	704	23	2078	28	2782 (4)
1909	5	608	30	2676	35	3284 (5)

(6)

In 1896 was daar altesaam 36 skole met 3658 leerlinge. Opmerklik is die daling in die aantal skole en leerlinge na 1901. Twee skole wat in 1900 en 1903 respektiewelik onder blanke inspekteurs geplaas is, word nie bygereken. (7) In 1902 is die invloed van die tweede Vryheidsoorlog ook merkbaar.

Die oorgrote meerderheid van hierdie skole was egter in die stede en in 'n paar van die groter dorpe. In 1894 was al hierdie skole in Durban en omgewing, Pietermaritzburg en Ladysmith. (8)

- (1) Natal: Annual Report on Education 1895. Supt. Inspector; 47.
- (2) t.a.p.; 46-57.
- (3) Natal: Annual Report on Education 1899. Supt. Inspector; 50-57.
- (4) Natal: Annual Report on Education in 1904. Supt. Inspector; 27-30.
- (5) Natal: Annual Report on Education 1909. Supt. Inspector; 1-29.
- (6) Kuppasami: Indian Education in Natal 1860-1946; 25a.
- (7) Natal: Annual Report on Education. 1900; 52.
- (8) Natal: Annual report on Education 1895; 46.

Die volgende tabel toon die gemiddelde skoolbesoek van die verskillende geslagte vir die jare genoem:

Tabel 61.

Die gemiddelde skoolbesoek van die verskillende geslagte, 1895-1909. (Natal.)

	1895	1898	1901	1906	1909
Seuns	2377	1810	2907	3041	2900
Meisies	524	319	452	355	384

(1)

Die aantal leerlinge het dus langsaam gegroei. In 1909 was daar in werklikheid 140 meisies minder op skool as in 1895.

Nie alleen was min kinders op skool nie, maar ook die skoolbesoek was besonder swak. Die volgende tabel toon die persentasie skoolbesoek vir die jare genoem:

Tabel 62.

Persentasie skoolbesoek, 1895-1911. (Natal.)

	1895	1898	1901	1906	1909
Persentasie	46	80	53	71	76.

(2)

In die oorlogsjare was die skoolbesoek veral besonder laag. Die toestand blyk nog ernstiger as ons die klein inskruying en die swak skoolbesoek vergelyk met die groot aantal leerlinge wat die skool verlaat het voordat hulle die hoogste klas bereik het.

Die volgende tabel toon die aantal leerlinge en hulle kwalifikasies toe hulle die skool verlaat het.

Tabel 63.

Aantal en kwalifikasies van leerlinge wat skool verlaat het, 1895-1901 (Natal)

	Grade	Std. I	II	III & IV	Totaal
1895	658	173	118	89	1038
1897	641	-	253	81	975
1899	908	189	84	88	1269
1901	883	186	83	107	1259

(3)

(4)

(5)

(6)

Hierdie tabel toon dat 658 leerlinge in 1895 skool verlaat het toe hulle nog in die grade was, 173 was in

- (1) Natal: Annual Report on Educ. 1901; Supt. Insp. 60-67.
- (2) Natal: Annual Report on Educ. 1909; Supt. Insp. 1-29.
- (3) Natal: Annual Report on Educ. 1895; Supt. Insp. 49.
- (4) Natal: Annual Report on Educ. 1897; Supt. Insp. 52.
- (5) Natal: Annual Report on Educ. 1899; Supt. Insp. 54.
- (6) Natal: Annual Report on Educ. 1901; Supt. Insp. 27-65.

Standard I, 118 in Standard II en 89 in standerds III en IV.

In 1898 is die volgende opgemerk, oor die klein persentasie meisies wat die skool besoek het: "The percentage girls does not increase. The indifference, not to say hostility, of the parents is as great as ever." <sup>(1)</sup> Hierdie klag teen die belangloosheid van die ouers is herhaaldelik geopper.

Die onderwys is ook beïnvloed deur 'n besluit van die owerhede in 1907, nl. dat die ouderdomsgrens in albei die hoërgraadskole van 15 jaar na 14 jaar verminder sou word. Geen leerling van 12 jaar kon in standerd II bly of toegelaat word tot standerd II nie. As gevolg van hierdie besluit het die Indiërs appél aangeteken, maar voordat die saak verhoor is, is hierdie beperkings teruggetrek. Op 23 Desember 1908 is bogenoemde kennisgewing egter weer uitgestuur en dit het bepaal dat vanaf 1 Februarie 1909 geen leerling onder 5 jaar en oor 14 jaar toegelaat sou word in staatskole vir Indiërs nie. Hierdie kennisgewing is in April 1909 herhaal. 'n Arabiese handelaar het die saak voor die hoërhof gebring, maar dit het misluk. Bogenoemde <sup>(2)</sup> beperkings is egter weer in Maart 1910 teruggetrek.

## 2. 'n Behoefte aan opgeleide onderwysers en opleidings-fasiliteite .....

In 1900 is die Junior- en Senior- Indiëronderwysers-eksamens ingestel, maar vir die opleiding is nie voorsiening gemaak nie. Die St. Aidsensending het egter besluit om op eie koste 'n opleidingskollege in Durban op te rig. Die geboue is teen die einde van 1903 voltooi en die administrasie het jaarliks £200 bygedra. Die studente is na standerd IV toegelaat. Voorsettingsklasse vir onopgeleide assistente is ook ingestel. <sup>(3)</sup> In 1904 is hoë verwagtings gekoester van hierdie kollege <sup>(4)</sup>

- (1) Natal: Annual Report on Education 1898. Supt. Inspector; 60.  
 (2) Kannemeyer: A critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 175-179.  
 (3) Kuppusami: Indian Education in Natal 1860-1946; 33-35.  
 (4) Natal: Annual Report on Education 1904. Supt. Inspector; 14.

'n Duidelike verbetering van Indiër-onderwys in die kusdistrikte is in 1907 toegeskrywe aan (i) die heraanpassing van die eksamens vir onderwysers en (ii) die goeie werk wat by die twee opleidingsklasse gedoen is. Hierdie kring het in 1908 oor 22 onderwysers met sertifikate beskik. In die sentrale distrikte was daar in 1907 egter net een opgeleide onderwyser.

Die volgende kandidate het vir die verskillende onderwyserseksamens ingeskrywe in die jare 1907 tot 1909:

Tabel 64.

Kandidate vir Onderwyserseksamens, 1907-1909 (Natal).

	1907	1908	1909
Indiër-onderwysers Junior Sertifikaat	35	-	30
Indiër-onderwysers Senior Sertifikaat	11	-	-
Junior Indiër-onderwyserssertifikaat	-	-	27
Senior Indiër-onderwyserssertifikaat	-	6	8

Die volgende aantal onderwysers was in diens vanaf 1896 tot 1901:

Tabel 65.

Onderwysers in diens 1896 tot 1901. (Natal)

1896	1897	1898	1899	1900	1901
67	73	85	87	76	83

Die aantal onderwysers het dus nie veel vermeerder nie.

Die jare 1904 tot 1909 was die volgende onderwysers in Staatskole:-

-Tabel 66.

Onderwysers in Staatskole, 1904-1909. (Natal)

	1904	1905	1906	1907	1908	1909
Manlik	18	19	15	18	16	14
Vroulik	4	4	5	6	6	3
Totaal	22	23	20	24	22	17

Daar is 'n duidelike vermindering in die aantal onderwysers in hierdie 6 jaar.

- (1) Natal: Annual Report on Educ. 1907. Supt. Insp. 5.  
 (2) Natal: Annual Report on Educ. 1908. Supt. Insp. 4.  
 (3) Natal: Annual Report on Educ. 1907. Supt. Insp. 5.  
 (4) Natal: Annual Report on Educ. 1909. Supt. Insp. 14.

### 3. Die inhoud en die gehalte van die skoolwerk.

As gevolg van die probleme wat die leerlinge en die onderwysers gebied het, is dit nodig om kortliks die inhoud en die gehalte van die skoolwerk na te gaan.

Die gewone laerskole het nie verder as S+anderd IV onderwyserskaf nie. Die paar hoërgraadskole is egter toegelaat om verder te gaan. So het die hoërgraadskool te Durban in 1900 'n standerd V gehad en in 1902 'n Std. VII.

Godsdiens-onderrig is in 1895 in al die skole gegee, sonder dat die Indiërs beswaar gemaak het. Sang, drill, naaldwerk, tekene, voetbal en krieket is byvakke wat reeds in 1901 genoem is. Gimnastiek is in 1902 ingevoer en mandjiesmaak in 1910 in die kusdistrikte.

Alhoewel daar getuig is van goeie vordering in verskeie dele, tog is veral in die sentrale distrikte geklae oor die gehalte van die werk. Die onderwys in die grade en die uitspraak en spelling in Engels, was uiters onbevredigend. Daar het ook 'n algemene neiging by onderwysers bestaan om te vinnig deur die werk te gaan.

Die algemene gebreke is in 1906 soos volg opgesom:  
 "Overcrowding, insufficiency and incapability of teachers bad organisation and lack of discipline are among the fundamental faults."

### 4. Vooruitgang weerspieël deur die uitgawes en inkomstes.

'n Ondersoek van die uitgawes toon ook in watter mate Indiëronderwys gegroei het.

(1)	Natal: Annual Report on Educ. 1900. Supt. Insp. 24.
(2)	Natal: Annual Report on Educ. 1902. Supt. Insp. 31.
(3)	Natal. Annual Report on Educ. 1895. Supt. Insp. 51.
(4)	Natal. Annual Report on Educ. 1901. Supt. Insp. 63-65.
(5)	Natal. Annual Report on Educ. 1902. Supt. Insp. 31.
(6)	Natal. Annual Report on Educ. 1910. Supt. Insp. 9.
(7)	Natal. Annual Report on Educ. 1908. Supt. Insp. 4.
(8)	Natal. Annual Report on Educ. 1907. Supt. Insp. 5.
(9)	Natal. Annual Report on Educ. 1906. Supt. Insp. 14.
(10)	Natal. Annual Report on Educ. 1900. Supt. Insp. 24.
(11)	Natal. Annual Report on Educ. 1904. Supt. Insp. 14.
(12)	Natal. Annual Report on Educ. 1906. Supt. Insp. 10.

Die volgende tabel gee die bedrae gestem en die werklike uitgawe vir Indiër-onderwys vir die jare genoem:.

Tabel 67.

Bedrae gestem en werklike uitgawes, 1897-1909. (Natal)

	1897	1900	1903	1906	1909.
Gestem	£1925	£3000	£3984	£5621	£5453
Uitgegee	£1922.6.1	£2733.12.3	£328.13.2	£53719.10	£5148.16.4

(1)

In hierdie jare is feitlik alles wat gestem is uitgegee.

Nadat die skoolgelde wat staatskole ontvang het, afgetrek is, was die gemiddelde koste per leerling per jaar soos volg: (Dit sluit nie administrasie, geboue, meubels en huurgelde in nie):

Tabel 68.

Koste per leerling per jaar vanaf 1900-1904. (Natal)

	1900	1901	1902	1904.
In alle Indiërskole	11/1 $\frac{1}{2}$	13/2 $\frac{1}{4}$	£1.11.1 $\frac{3}{4}$	£1.19.3 $\frac{3}{4}$
In Staatskole	19/0 $\frac{5}{8}$	£1.5.10	£1.15.7 $\frac{3}{4}$	£3.12.6 $\frac{1}{4}$
In Ondersteunde skole	9/9	10/7 $\frac{1}{2}$	£1.3.9	£1.6.9 $\frac{1}{2}$

(2)

Hierdie tabel toon dat die ondersteunde skole die staat heelwat minder gekos het as die staatskole.

Die volgende is die koste per leerling vir die jare 1905 tot 1909, bereken op die gemiddelde inskrywing en die gemiddelde skoolbesoek:

Tabel 69.

Koste per leerling per jaar bereken op gemiddelde inskrywing en gemiddelde skoolbesoek, 1905-1909. (Natal).

	1905	1907	1909.
{Alle Gemid. Inskrywing	£1.12.2	£1.8.8 $\frac{1}{4}$	£1.8.2 $\frac{1}{2}$
{Skole: Gemid. Skoolbes.	£2.4.9 $\frac{3}{4}$	£1.19.10 $\frac{1}{4}$	£1.17.3 $\frac{1}{4}$
{Staat-Gemid. Insk.	£3.5.7 $\frac{1}{4}$	£2.14.4 $\frac{3}{4}$	£2.17.8 $\frac{1}{4}$
{Skole: Gemid. Skoolbes.	£4.5.8	£3.8.2 $\frac{1}{4}$	£3.11.5 $\frac{1}{2}$
{Onder-Gemid. Insk.	£1.1.8	£1.1.3 $\frac{1}{4}$	£1.1.6
{Ondersteunde: Gemid. Skoolbes.	£1.10.10 $\frac{1}{4}$	£1.10.5 $\frac{3}{4}$	£1.8.10 $\frac{1}{4}$

(3)

- (1) Natal: Annual Report on Educ. 1909; Supt. Insp. 1-29.  
 (2) Natal: Annual Report on Educ. 1904; Supt. Insp. 44-48.  
 (3) Natal: Annual Report on Educ. 1909; Supt. Insp. 1-29.

Uit bostaande blyk dit dat die uitgawe soos bereken op die gemiddelde skoolbesoek, hoër is as die bereken op die gemiddelde inskrywing. Dit is die gevolg van die swak skoolbesoek van die Indiërkinders. Die gemiddelde skoolbesoek is da n ook 'n beter maatstaf vir die berekening van die werklike uitgawe per leerling. Die kind in die staatskool het die owerheid meer as tweekeer soveel gekos as die kind in die ondersteunde skool.

Die onderwys het egter ook vir die staat sekere inkomstes besorg. Hierdie inkomstes is verkry uit skoolgelde en privaat bydraes. Die volgende is die bedrae wat so gefin is in die jare 1895-1901:

Tabel 70.

Skoolgelde en privaat bydraes, 1895-1901. (Natal.)

	1895	1896	1897	1898	1899
Bedrae	£123.12.10	£151.4.7	£208.13.2	£237.2.2	£212.9.9
	1900	1901	(1)		
	£237.18.4	£304.4.10			

Die skoolgelde in die ondersteunde skole is nie in die koloniale skatkis inbetaal nie. Ook in hierdie periöde was daar geen vasgestelde skaal waarvolgens skoolgelde betaal moes word nie. Die volgende tabel toon die maandelikse skoolgelde vir die jare genoem:

Tabel 71.

Maandelikse skoolgelde per leerling, 1895-1905. (Natal)

1895	1896	1897	1898-1901	1904-1905
2d tot 2/6	3d tot 3/-	1d tot 3/-	3d tot 3/-	3d tot 6/-

(2)

Omdat die ondersteunde skole minder van die staat ontvang het as die staatskole was hulle genoodsaak om hoër skoolgelde te vra. Maar selfs in die staatskole was die onderwys nie vry nie. Almal was egter begerig om hulle kinders in die staatskole te sit.

(1) Natal: Annual Report on Educ. 1901. Supt. Insp. 60-871  
 (2) Natal: Annual Report on Educ. 1905. Supt. Insp. 4-37.

5. Onbevredigende toestand van geboue en uitrusting.

Klaskamerruimte was 'n probleem. Reeds in 1906 is (1) sterk nadruk gelê op hierdie behoefte. Ook is aanbeveel dat die ou kerke wat as skole gebruik is, vervang moes word (2) deur skoolgeboue.

Alhoewel die uitrusting reeds in 1897 'n verbetering (3) getoon het, het hulle nog baie te wense oorgelaat. In 1897 was die meubels en uitrusting in die drie Rooms-katolieke skole nog heelwat beter as in enige van die ander skole (4)

6. Die ontstaan van Aparte skole vir die Verskillende Rasse.  
(a) Die beëindiging van die gemengde onderwys van blankes en Indiërs.....

Nie alleen het Indiërkinders blanke skole besoek nie, maar 'n aantal blankes het ook skole besoek wat spesiaal vir Indiërs bedoel was. In 1897 is in die jaarverslag opgemerk: "A few Europeans, St. Helena and Mauritius half-castes have attended the schools." (5)

Alhoewel voor 1894 reeds gepoog is om Indiërkinders uit blanke skole te hou, het dit tog nie heeltemal geslaag nie. Die Indiërs het gereken dat die blanke skole beter as die Indiërskole was en het gevolglik hulle kinders daarheen gestuur. (6)

In April 1897 is die regering versoek om nie langer nie-blanke leerlinge in blanke skole toe te laat nie. Die Eerste Minister het daarop geantwoord dat "in a few exceptional cases non-European children, who had conformed to European habits and had exhausted the resources of their own schools, had been admitted to European Government primary schools," maar dat die regering so ver as moontlik aparte nasies in aparte skole sou hou. (7)

In 1899 is instruksies uitgevaardig waarvolgens nie-blanke kinders nie sou toegelaat word in blanke skole. (8)

(1) Natal: Annual Report on Educ. 1906. Supt. Insp. 10, 14

(2) t.a.p.; 4.

(3) Natal: Annual Report on Educ. 1897; Supt. Insp. 52.

(4) Natal: Annual Report on Educ. 1901. Supt. Insp. 63-65.

(5) Natal: Annual Report on Educ. 1897. Supt. Insp. 52.

(6) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 166.

(7) t.a.p.; 167.

(8) Polak: The Indians of South-Africa; 65.



Hierdie ~~rek~~berking het egter net vir Indiërseuns gegeld, want Indiërmeisies en klein seuntjies het blanke skole bly besoek tot 1905 toe hulle uit blanke skole verwyder is en vir hulle by die hoërgraadskole voorsiening gemaak is. Hierdie hoërgraadskole is juis in die lewe geroepom voorsiening te maak vir die seuns wat in 1899 uit die blanke skole verwyder is. Die eerste een is in Durban in 1899 ge-open en die tweede in Pietermaritzburg in 1902.

Vanaf 1905 is blanke kinders dus alleen in blanke skole toegelaat.

(b) Die beëindiging van die gemengde onderwys van Indiërs, Kleurlinge en Naturelle.....

In 1895 is in die verslag oor Indiër-onderwys opgemerk "The usual number of St. Helena and Mauritius half-castes and a few Natives attended the schools." In 1904 is besluit dat as 'n Indiërskool 'n redelike afstand vanaf 'n ondersteunde Naturelleskool is, geen toelae betaal sou word vir Naturelle leerlinge wat so 'n Indiërskool besoek nie.

Die Durbanse hoërgraad-Indiërskool is op 4 September 1905 verskuiwe na ander geboue en is genoem die Carlislestraat skool vir "the better class Indians and respectable Coloured youth." Dit sou, so is beweer, die kleurprobleem in die Durbanse skole help oplos, maar daar is bygevoeg: "It was not the intention of the government to provide separate schools for every colour and every gradation of colour; and those who are hypersensitive on the point are at liberty to erect and maintain schools of their own."

Hierop het 'n versoekskrif van die Indiërs gevolg waarin hulle beswaar gemaak het teen Kleurlinge in 'n skool wat belowe was om vir Indiërs alleen te wees. Die Kleurlinge was ook ontevrede. As gevolg hiervan het die owerheid besluit om 'n aparte skool vir Kleurlinge

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 171.

(2) t.a.p.; 169.

(3) Natal: Annual Report on Educ. 1895; Supt. Insp. 51.

(4) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 170.

In 1909 is besluit dat "no Native, Indian or Coloured Children were to be admitted to schools other than those provided for them." <sup>(2)</sup> Hiermee het aparte skole vir die aparte rasse 'n voldonge feit geword.

7. Die verslag van die Onderwyskommissie van 1909.

Hierdie kommissie het in sy verslag onderskeid gemaak tussen die volgende Indiërgroepe:

(a) Kontrakarbeiders:

Behalwe in 'n paar gevalle is geen voorsiening vir die onderwys van die kinders van hierdie groep gemaak nie. Die kommissie het gereken dat die eienaar waar daar 20 of meer kinders van 5 tot 12 jaar oud was, verplig mees word om op eie koste hulle van laeronderwys te voorsien. Die onderwysers moes ook by voorkeur, Indiërs wees, omdat hulle vir 'n laer salaris as blankes kon werk.

(b) Vry-Indiërs.

In verband met die kinders van hierdie Indiërs het die kommissie aanbeveel dat die staat in distrikte waar daar baie kinders is, laerskole moes oprig.

(c) Die Arabiese- of Mohammedaanse handelaars.

Hierdie Indiërs woon gewoonlik in dorpe en die kommissie het gereken dat die voorsiening wat daar bestaan <sup>(3)</sup> het voldoende was.

In 1906 het 3000 Indiërkinders onderwys ontvang in 5 staats- en 27 ondersteunde skole. Hiervan was 26 aan die kus, <sup>(4)</sup> 5 te Pietermaritzburg en 1 op Greytown. Al hierdie skole was dus in dorpe.

8. Samevatting.

Wat die leerlinge betref is die kenmerke van die vorige periode ook hier duidelik. nl. Hoë gemiddelde ouderdom,

---

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 174.

(2) t.a.p.; 181.

(3) Natal: Annual Report on Education 1909. Supt. Inspector; 13.

(4) Natal: Annual Report on Education 1906. Supt. Inspector; 5.

uitsakking, die meeste leerlinge in die laagste klasse, swak skoolbesoek en min meisies op skool. In die behoeftes van die platteland en veral van die kinders van kontrak-arbeiders was nog nie voorsien nie; en vir middelbare onderwys was nog geen voorsiening gemaak nie.

In hierdie periode is feitlik alle gelde wat vir Indiër-onderwys gestem is, vir Indiër-onderwys uitgegee.

Alhoewel twee onderwyserssertifikate ingestel is het die owerheid geen voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwysers nie. Die staat het egter die St'Aidens Sending ondersteun in sy poging om onderwysers op te lei. Verder is die toevlug geneem tot opleidingsklasse vir onderwysers. Die toelatingskwalifikasies vir die onderwyserseksamens was egter baie laag, en onderwysers skaars. Die owerheid was dus genoodsaak om nog van blanke onderwysers gebruik te maak.

Die teenstand teen die teenwoordigheid van Indiër-kinders in blanke skole, het die owerheid in hierdie periode genoodsaak om nie-blanke kinders uit blanke skole te verwyder. Ook is 'n definitiewe skeiding gemaak tussen die onderwys van Indiërs, Kleurlinge en Naturelle. Aan die einde van hierdie periode het daar dan ook vier aparte stelsels van onderwys bestaan nl. Vir blankes, Indiërs, Kleurlinge en Naturelle.

In 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom en is die administrasie van die onderwys opgedra aan 'n Onderwysdepartement en 'n uitvoerende komitee. Ook het die provinsies die mag gekry om ordinaasies te maak. (1)

---

(1) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 185.